

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Josef van Cupertino

## 18 September

(1603-1667)

Hierdie Franciskaanse priester was een van die merkwaardigste figure en wonderwerkers van sy tyd. Sy opregte liefde vir God lei hom al hoe dieper in 'n verhouding van eenwording met God in. En dit tot so mate dat hy, onbewus van wat om hom aangegaan het, dikwels in vervoering geraak het en by meer as sewentig opgetekende geleenthede in die lug begin sweef het. Talle mense is ook op sy voorspraak van siektes en kwale genees. Dit was egter sy vermoë om deur die lug te sweef wat nuuskierige skares gelok het en hom gedwing het om in afsondering te leef. Nooit het hy probeer wins maak uit sy uitsonderlike gawes nie en al die beperkinge wat die agterdogtige Kerklike owerhede op sy lewe gestel het, het hy met die grootste geduld verduur. Mense wat hom geken het, het verklaar dat hy die heeltyd in gesprek was met die hemel en salig onbewus van die impak wat sy bo-natuurlike gawes op sy tydgenote gehad het.